

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)**

- 1 Die HEER is God, 'n eenige HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,  
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.  
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.  
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!  
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyt / dat Hy hom so gemaak het?  
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,  
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)**

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldesinde gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

## **Psalm 61:1, 2 (p. 298)**

- 1 Neig, o God, tot my die ore! / Ver verlore, / ver van hulp en heil vandaan,  
as my hart in my geen krag het, / al versmag het, / roep ek U as helper aan.
- 2 Op 'n rots waar 't hoog en yl is, / my te steil is, / laat u hand my daar gelei,  
God is my 'n sterke toring; / daar 's verhoring, / skuiling teen die storm vir my.

**Gebed**

## **Psalm 91:1, 3 (p. 460)**

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,  
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.  
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;  
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 3 Geen vrees, wanneer by donker nag / die skrik 'n mens laat bewe;  
geen vrees, wanneer die pyl oordag / geswind kom aangesewe.  
Geen vrees, wanneer die dood sy prooi / verslaan in middagstonde,  
of as die pes sy gifkiem strooi / by nagtelike ronde.

**Skriflesing: Nehemia 2:1-20**

**Kernverse: Nehemia 2:18, 20**

**Ek het hulle toe vertel hoe my God sy goeie hand oor my gehou het en wat die koning vir my gesê het. Hulle het gesê: “Kom ons bou!” en hulle het die goeie werk aangepak.**

**Ek het hulle geantwoord en vir hulle gesê: “Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, sy dienaars, gaan bou. Julle het nóg aandeel nóg reg in Jerusalem, en geen historiese band met hom nie.” (Nehemia 2:18, 20 AFR83)**

**Tema:** In u krag kan ons, Here!

Bid en werk gaan hand aan hand, geliefdes van ons Here Jesus Christus. 'n Mens kan seker werk sonder om te bid. Daar is baie mense wat so maak, want hulle wil niks daarvan weet dat hulle van God afhanklik is nie. As jy begin werk sonder om te bid, sal jy seker ook iewers kom. Maar sal dit betekenisvolle en standhoudende werk wees, as die Here se goeie hand nie sy seën op daardie werk gebied nie?

Ons gelowiges weet tog dat werk sonder gebed maar net halwe werk sal wees. Nou moet 'n mens ook nie na die ander kant toe oorval nie. 'n Mens kan tog nie bid sonder om te werk nie. Ons kan mos nie tot die Here smek dat iets gedoen moet word, maar ons verroer nie 'n vinger nie. As ons so maak, as ons net wil bid sonder om te werk, wil ons die Here ons God 'n slaaf maak van ons. Om dit somer reguit te sê: Ons kan mos nie bid dat die motor se wiel vervang moet word, terwyl ons niks doen nie behalwe om dan te sit en wag nie.

Nehemia het vier maande lank gebid oor wat hy beplan het om in Jerusalem te gaan doen. Uiteindelik het die Here aan hom die geleentheid gegee om die wiele aan die rol te kry. Koning Artasasta se hart is in die hand van die Here soos waterstrome, Hy lei dit waarheen Hy wil (Spr 21:1). Die Here het dit so beskik dat Artasasta op daardie dag in 'n goeie stemming was en Nehemia kon hom vra wat hy wou hê. Sonder om Nehemia een keer teë te gaan, gee hy aan Nehemia verlof om na die stad waar sy voorvaders begrawe is, te gaan. Al wat die koning wou weet, is hoe lank Nehemia weg sou wees. Verder het die koning alles wat Nehemia gevra het aan hom gegee en nog meer.

Nehemia het die briewe gekry wat as paspoort gedien het op sy reis deur die Wes-Eufraat. Hy het die brief gekry vir Asaf die opsigter van die staatsbos om hout vir die bouwerk in die hande te kry. Daarby het die koning ook nog ruiters en offisiere saam met Nehemia gestuur. Nehemia beklee immers 'n belangrike pos in die paleis van die koning, daarom moet sy reis heen en weer voorspoedig wees. Nehemia moet weer veilig in Susan aankom om sy werk in die paleis voort te sit.

Die gevolgtrekking waartoe Nehemia gekom het omdat al die dinge so mooi in plek geval het, was dat die goeie hand van God oor hom was. Die Here het Nehemia se maande lange gebede verhoor en alles laat meewerk sodat hy na Jerusalem kon vertrek. Maar, broers, susters en kinders, as die Here 'n mens se gebede verhoor, beteken dit nie dat daar glad nie struikelblokke op die pad vorentoe sal wees nie. Nehemia, die nugtere dienskneg van die Here, het dit ook baie gou te wete gekom.

Alhoewel Nehemia se reis deur die Wes-Eufraat en ook deur Samaria voorspoedig was onder die sorg van die Here en met behulp van die brief van die koning, het hy gou genoeg in Jerusalem gehoor dat nie almal bly was dat hy gekom het nie. Vir Sanballat, die gewerneur van Samaria, en Tobija, die Ammonitiese amptenaar, was dit slegte nuus.

**Hulle het dit as 'n ramp beskou dat daar iemand gekom het wat iets goeds vir die Israeliete wou doen. (Nehemia 2:10 AFR83)**

Sanballat was 'n invloedryke man. Hy en sy twee makkers, Tobija en Gesem, het sakebelange in daardie streek gehad. Natuurlik sou 'n versterkte Jerusalem ook hulle sakebelange bevorder het. Maar Sanballat het geweet dat hulle uit die belange van Jerusalem uitgesluit sou word. Esra het dit vroeër gedoen. Nehemia gaan dit ook doen. Sanballat is waarskynlik afkomstig uit Bet-Goron in Efraim – 'n paar kilometer noordwes van Jerusalem af. Dit is moontlik dat een van Sanballat se ouers 'n Israeliet was, maar al was dit nie so nie, het hy presies geweet wie Israel is – die volk van die God van hemel en aarde. Ondanks hierdie kennis wat hy van Israel gehad het, het hy hom voluit by die vyande van Israel geskaar. Tobija, aan die ander kant, het 'n Joodse naam gehad wat beteken *Jahwe is goed*, maar ook hy was deel van die vyande van Israel – hy was 'n Ammonitiese amptenaar.

In die lewe van die kerk van die Here kry 'n mens ook sulke mense soos Sanballat en Tobija. Gedurig lees 'n mens van hulle in die koerante of hoor hulle oor die radio met baie trots praat. Hulle was vroeër in die kerk en het die Here en sy genade in Jesus Christus leer ken, maar nou skaar hulle hulleself buite die kerk by die wat nog altyd teen die kerk was. En van buite af lewer hulle allerhande kritiek teen die kerk en probeer die kerk van buite af dwing om aan die wêreld se grille en giere toe te gee. 'n Voorbeeld van hierdie mense se optrede: Van buite af probeer hulle die kerk oorreed dat 'n homoseksuele lewenswyse maar net 'n alternatief is vir die huwelik tussen 'n man en 'n vrou. Omdat die kerk aan haar Koning gehoorsaam bly en die sonde veroordeel, word die kerk deur hierdie buitelanders bespotlik gemaak en daarvan beskuldig dat sy nie die landswette gehoorsaam en die menseregte van homoseksuele mense erken nie.

Nehemia het egter nie net van buite Jerusalem teenkanting teen die werk gehad waarvoor God hom na Jerusalem toe laat kom het nie. Drie dae nadat hy in Jerusalem aangekom het, is hy en 'n paar manne stilletjies uit die stad uit om na die toestand van die mure te gaan kyk. 'n Mens sal nou wonder hoekom hy dit stilletjies in die nag moes doen. Was daar vyande wat nie moes agterkom wat Nehemia wil doen nie? Ja, verseker. Daar was die vyande buite Jerusalem – Sanballat en sy makkers – maar daar is ook vyande tussen sy eie mense in Jerusalem. Tobija was die skoonseun van Sekanja, seun van Arag. Sekanja het in Jerusalem gewoon. Tobija het ook nog 'n ander verbintenis met Jerusalem gehad. Sy eie seun was getroud met 'n dogter van Mesullam, seun van Berekja (Neh 6:18). En tussen hierdie drie families is alles vir mekaar vertel wat in Jerusalem aangaan.

As gevolg van Tobija se verbintenis met Jerusalem kon Nehemia nie waag om te gou te sê waarvoor hy na Jerusalem toe gekom het nie. Daarom is net hy en 'n paar vertrou-linge die nag uit om die mure te inspekteer. Aanvanklik kon hy nog met sy rydier al langs die muur ry en die skade bepaal. Maar toe hy om die suidelike punt van die stad gegaan het, was die puin van die muur so erg dat hy te voet verder inspeksie moes gaan doen het. Nehemia het maar skaars 'n kwart van die vervalde muur daardie nag gesien, maar dit was genoeg en hy is terug in die stad in.

Broers, susters en kinders, die Here het vir Nehemia tot hier gelei. Tot hier toe was God se goeie hand nog altyd oor Nehemia. Nehemia weet ook met watter teenkanting en moontlike ondergrawery hy te doen gaan kry. Hy is goed bewus van Sanballat en Tobija se gevoelens oor die herbou van die muur. Hy weet ook dat Tobija se skoonpa en swaer wat in Jerusalem bly al hulle planne na Sanballat en Tobija sal laat uitlek. Maar daar is nog een ander probleem. Die mense wat die bouwerk moet doen, het dertien jaar gelede onder Esra probeer om daarmee te begin. Dit moes egter op bevel van koning Artasasta gestaak word, omdat daar aan hom berig is dat Jerusalem teen hom in opstand sal kom sodra die

muur klaar gebou is (Esra 4). Daardie bouwerk van dertien jaar gelede het nog net so bly lê of is al stuk-stuk weer deur die vyande afgebreek.

'n Mens kan dus maar aanneem dat die Jode redelik moedeloos was. Onder hulleself het hulle seker ook maar moed opgegee. Hulle is nie sterk genoeg om weerstand teen Sanballat-hulle te bied nie, daarom sal hulle nie die muur kan herbou nie. Hoe motiveer 'n mens nou mense wat so moedeloos is omdat hulle al een keer te vore 'n terugslag beleef het met die herbou van die muur?

Dit is net die wysheid van die Heilige Gees wat Nehemia gelei het. Deur die Heilige Gees se werk in Nehemia was hy gewillig en bereid om vir die Here te lewe. Deur die Heilige Gees was Nehemia oortuig dat die herbou van die muur God se werk is. Die Here gaan die muur van Jerusalem herbou en Hy gaan vir Nehemia en die inwoners van Jerusalem en Judea gebruik om dit te doen.

Nehemia kry almal bymekaar, nie net diegene wat hy by voorbaat geweet het die werk sal doen nie. Almal is daar – die priesters, die vooraanstaande burgers en die ampsdraers. En onder hulle is daar ook die skoonfamilie van Tobija. Nehemia sluit niemand van die Jode uit nie. Dan begin hy met sy oortuigingswerk:

**Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit. Jerusalem lê in puin en sy poorte is verbrand.** (Nehemia 2:17 AFR83)

Oor die ellende waarin hulle is, kon niemand stry nie. Almal het die vervalle muur gesien.

En nou, sonder om 'n lang toespraak af te steek, sê Nehemia reguit:

**Kom ons herbou die muur.** (Nehemia 2:17 AFR83)

Hoekom, sal 'n mens wil vra, hoekom moet die mure herbou word? Nehemia gee self die antwoord:

**... sodat die vernedering nie langer op ons rus nie.** (Nehemia 2:17 AFR83)

Die vyande van die Jode kry lekker oor die benarde toestand van Jerusalem. Hulle kry lekker, want hulle kon vroeër die bouwerk aan die muur op 'n slinkse manier tot stilstand gebring het. Maar hulle kry ook lekker, want solank as wat Jerusalem se mure in puin lê, verbeel hulle hulleself dat God nie langer besorg is oor sy volk en sy stad nie. Eintlik is daar in hierdie lekkerkry ook 'n gevoel van oorwinning wat hulle kamstig oor die Here self behaal het. Die mure lê nou al vir 140 jaar platgeslaan en daarom dink hulle dat die Here nie meer sy volk kan beskerm nie.

Almal wat na Nehemia geluister het, weet nou dat die mure herbou moet word. Hulle weet ook hoekom die mure herbou moet word. Maar hoe gaan hulle dit regkry? In vergelyking met die vyande rondom Jerusalem en Judea is hulle maar 'n handjievul mense. En daarby is daar nog die verbod wat koning Artasasta op die herbou van Jerusalem se mure geplaas het. Geliefdes, Nehemia het die stryd om hierdie klomp Jode, ook die skoon familie van Tobija, te oortuig nie met sy eie slim en ferm woorde gedoen nie. Hy leef naby die Here en is deur die Here oorreed om die werk aan te pak. Daarom vertel hy vrymoedig hoe die Here sy goeie hand nog die heelyd oor hom gehou het in verband met die mure van Jerusalem. Hy het hulle ook vertel wat koning Artasasta vir hom gesê het.

Meteens het almal gesê:

**“Kom ons bou!” en hulle het die goeie werk aangepak.** (Nehemia 2:18 AFR83)

God se goeie hand is inderdaad nog steeds oor Nehemia. Hy het geweet dat hierdie groot werk om Jerusalem se mure te herbou nie net 'n paar manne se werk is nie. Almal sal daaraan moet saamwerk en almal het daaraan saamgewerk. Die mense in Jerusalem sowel as die mense van die platteland af het gebou. Met wysheid het Nehemia die bouwerk aangepak. Families en huisgesinne wat mekaar goed ken, is betrek om 'n stuk werk te doen. Mense is gebruik om die muur te herbou die naaste aan hulle eie blyplek in die stad. Mans sowel as vroue het gebou. En dit was nie net mense wat in hulle daaglikse lewe sulke harde werk doen wat gebou het nie. Ons lees dat selfs Gananja, 'n salfmenger, dit is 'n apteker, saam gewerk het aan die bouwerk (Neh 3:8). Selfs die skoonfamilie van Tobija was oortuig dat dit die Here se werk is wat gedoen moet word en hulle het saam gebou (Neh 3:4). Mesullam het selfs twee stukke van die muur herbou.

Ons het nou gesê dat almal saamgewerk het aan die bouery. Maar die Heilige Gees skryf eerlik en reguit oor hoe dit werklik gegaan het. As almal aan hierdie bouwerk saamgewerk het, was die wêreld volmaak. Maar ons lees ook van die vooraanstaande mense van Tekoa wat nie gewillig was om swaar werk te doen vir hulle Here nie (Neh 3:5). Sulke mense sal 'n mens ook altyd kry. Hulle sal daarvan hou as die muur van Jerusalem herbou is, maar hulle is nie bereid om die werk te doen nie.

En toe die bouwerk aan die muur begin is, het die vyand weer iets gehad om mee te spot. Sanballat-hulle wil nie toesien dat Jerusalem se mure herstel word nie. Daarom lag hulle die Jode uit en spot met hulle:

**Wat vir 'n ding is dit waarmee julle besig is?**

En so tussen die gespot deur probeer hulle weer die ou truuk:

**Wil julle in opstand kom teen die koning?** (Nehemia 2:19 AFR83)

Ook teen hierdie vyande laat Nehemia onbeskaamd sy geloof in God hoorbaar word. Ten aanhore van die vyand sê hy:

**Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, sy dienaars, gaan bou.** (Nehemia 2:20 AFR83)

Oortuig dat die herbou van Jerusalem se muur God se werk is, laat Nehemia die vyand dit goed verstaan dat niemand hulle sal kan keer nie. God sal dit laat geluk en Hy gaan dit deur sy dienaars doen.

Geliefde broer, suster en kind, het jy 'n punt in jou lewe bereik waar jy besef dat die mure van jou huwelik of jou gesin ook in puin lê? Lyk dit of jou verhouding met jou man of vrou, met jou kinders of ouers nou 'n punt bereik het waar alles omtrent net chaos is? Jy weet nie herwaarts of derwaarts heen nie. Het jy miskien op dié punt in jou lewe gekom waar jy besef dat jou geloofsmure ook maar verval lê? Jou uitdra van die Naam van die Here en jou soek na sy wil en sy koninkryk in jou werk het nooit regtig hoë prioriteit in jou lewe geniet nie, maar nou wil jy regmaak?

Dit is 'n massiewe werk wat jy wil aanpak om die mure van jou huwelik, jou gesin en jou geloofsluwe te herbou. Rondom jou kry die Satan ook lekker, want hy kon met sy slinkse planne sulke groot gate in jou verhouding met jou vrou of jou man slaan dat julle mekaar nie meer altyd vertrou nie. Ongelowiges staan en lekkerkry, want nog 'n Christen se huwelik stuur op 'n hartseer einde af. Buite jou huis staan die Satan en lekkerkry, want jy en jou kinders vlieg mekaar kort-kort die hare in en die kinders slaan die kamerdeure toe.

Ongelowiges staan en lekkerkry, want die “heilige” kerkmense baklei ook maar soos kat en hond.

Geliefdes, die Satan en die ongelowiges kry nie net lekker oor jou ongeluk nie. Die Satan verbeel hom selfs dat hy vir Christus in julle huwelik of in julle gesin oorwin het. Hy dink dat hy dit kon regkry om Jesus Christus die rots en hoeksteen van julle huwelik en julle gesin onder julle uit te ruk sodat julle huwelik en gesin in die donker dieptes van oneindige hartseer kan intuimel. En die Satan en ongelowiges verkeer onder die indruk dat hulle die bloed van Jesus Christus wat jou van jou sondes skoon was, van jou lewe kon afvee, daarom soek jy nie die wil en die koninkryk van God nie.

Broer, suster en kind, dat jy tot die besef gekom het die mure lê omgeval, is die Heilige Gees se werk. Hy het jou oë daarvoor oopgemaak. Dat jy die mure wil herbou, word deur die Heilige Gees in jou aangewakker. Dit is ook Hy wat jou oortuig om jou huwelik, jou gesin en jou geloofslewe weer in orde te kry. Bid tot die Here om hierdie dinge reg te maak. Maar moenie by bid ophou nie. Die Here gaan die mure herbou, Hy sal jou gebed verhoor, maar Hy gaan die mure deur j<sup>o</sup>u herbou. J<sup>y</sup> gaan die bouwerk doen omdat Christus met sy Gees en Woord in jou werk.

Weet ook dat wanneer jy met die bouwerk aan jou huwelik, gesin en geloofslewe gaan begin, die vyand van buite af jou sal uitlag en spottend vra: Waarmee is jy tog nou besig? Hulle sal jou ywer om die Here te gehoorsaam verkleineer sodat jy van die bouwerk sal wil afsien. Jou man of vrou, jou kind of ouer sal miskien ook aanvanklik niks wil doen om hierdie muur te herstel nie. Moenie dan opgee nie. As jy oortuig is dat jy met God se werk besig is, hou vol. Leef die ywer in jou geloof sigbaar en hoorbaar uit. Jy, dienskneg van die Here, bou. Dit is immers die God van die hemel wat jou sal laat slaag. En jy sal ook sien hoe die Here die regte helpers gee om die mure te herbou, want Hy wil dit gebou hê tot eer en verheerliking van sy eie heilige Naam.

## **Amen!**

### Slotgebed

Psalm 91:6, 8 (p. 461)

- 6 Rondom jou ruis die eng'levoet / met liggewiekte treë,  
hul kom die wand'laar tegemoet / en lei hom op sy weë.  
Hul bied op Gods bevel hom aan / die hulp van will'ge hande,  
en dra hom, waar die reispad gaan / oor ruwe rotserande.
- 8 “Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;  
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.  
Die menseleefyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,  
sodat hy blye<sup>o</sup>aanskouer word / van al my reddingsdade.”

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

## **Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
27 April 2014